

29 Julie

Psalm 25

(Teks: 25:4)

Maak my u wil bekend, Here

Hoe dikwels worstel 'n mens nie met hierdie saak in jou lewe nie? Daardie soeke na leiding om die regte besluite te neem, om die regte keuses in jou lewe te maak. Die kruispad waarby jy so dikwels staan en wonder watter pad om te kies. Die wêreld bied baie rigtingwysers aan wat 'n mens sou kon gebruik om jou te help in jou besluit. Jy kan gaan rigting vra by die sterre of by waarsêers. Jy kan luister na die raad van allerlei wêreldse belange soos geld, plesier, status of eer. Jy kan ook luister na die koers wat jou eie hart graag wil inslaan en die gevaar loop dat jy net jou eie belange wil dien. Wees gewaarsku dat hierdie rigtingwysers nie koers kan gee nie, maar jou sal laat verdwaal.

Daarom leer die Here ons met hierdie Psalm dat daar net een plek is waar 'n mens die regte rigting gewys kan word en dit is by God. Vanaf vers 1 rig die psalmdigter hom alleen op God met die vaste wete dat die Here hom die regte pad sal aanwys. En daarom kyk die gelowige by die kruispad nie rond na die rigtingwysers van die wêreld nie, maar kyk hy op om te sien wat God hom wil leer en wil wys. Want hy weet dat alleen God sy wil aan hom bekend kan maak. Geen ander skepsel op aarde ken God se wil soos Hy dit deur sy Gees aan ons bekend wil maak nie. Daarom vra die gelowige alleen na die Here om sy leiding en sy waarheid sodat hy die regte pad kan volg.

Staan u dalk vandag by so 'n kruispad en vra na die wil van die Here? Leer dan by Dawid om u besluit, u keuse en u weg by God te soek en nêrens anders nie, want dan alleen sal u nie verdwaal nie, maar gelei word in die wonderlike waarheid en weg van God in Jesus Christus ons Here. Bid God dan vandag dat Hy u lei en onderrig in sy wil.

Sing Psalm 25:1 en 2

Ds. P. Venter (Rustenburg-Wes)